Graad 4 Laerskool Herbert Hurd

Junie 2017 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Punte: 45

---

- Lees die storie goed deur en beantwoord dan die vrae.
- Antwoord die taal vrae en skryf die sinne vol uit.



## Afdeling A

### Ons gesin.

Ons gesin is altyd baie besig op 'n Saterdagoggend. Mamma was die wasgoed. Ek en Ndledi speel solank tennis. Sodra mamma klaar is, help Ndledi haar om die wasgoed op die draad te hang. Ek gee vir hulle die wasgoedpennetjies aan. Nkosi gee vir Boxie kos. Dit is sy werk. Hy maak ook Boxie se hok en waterbak skoon en sorg dat Boxie vars water het. Nomvula gooi die groentetuin met 'n gieter nat. Pappa drink eers koffie en kyk televisie. Sodra die sokker klaar is, gaan hy probeer om die motor reg te maak. Ouma is siek. Vandag lê sy in die bed. Gewoonlik vee sy die voorstoep en tuinpaadjie met 'n grasbesem. Almal in ons gesin doen hulle deel.

**a) Beantwoord die volgende vrae.**

1) Watter dag van die week was Mamma wasgoed? (1)

2) Wie help haar om die wasgoed op die draad te hang? (1)

3) Wat is die hond se naam? (1)

4) Wat is Nkosi se werk? (2)

5) Wat drink Pappa in die oggend? (1)

6) Wat is stukkend? (1)

7) Waarom is Ouma in die bed? (1)

8) Watter werk moet Nomvula doen? (1)

9) Het hulle 'n blommetuin of 'n groentetuin? (1)

10) Hou pappa van rugby of sokker? Gee net een woord. (1)

Totaal: 11 punte

## Afdeling B – Taalstudie:


**A. Skryf die paragraaf oor en kies die korrekte voorsetsel.**

**met agter om in oor**

Die bokkie spring ----------- die heining. Sy ma hardloop ------------ hom aan. Daar is nie baie diere --------- die kamp nie.

(3)

**B. Skryf die sinne in die verlede tyd.**



1. Die aap eet lekker piesangs.
2. Al die sebras drink water by die rivier.
3. Die buffels is nie bang vir die leeus nie. (3)

**C. Vul die nodige leestekens in:**

1. ma is lief om inkopies te doen. sy koop altyd lekkers koeldrank koek

   en vrugte

   ek gaan saam met my ma as sy klere gaan koop (3)

**D. Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woorde.**

1. Sara se kouse is wit en haar skoene is swart. Sibu hou van warm koffie en Sara se koeldrank is altyd koud.

(4)

**E. Gee die teenoorgesteldes van die volgende woorde in hakies.**

1. My boetie is nie ( groot ) nie, hy is ------------------ .
2. Die kinders in my klas is nie (dom) nie, hulle is ---------- .

(2)

**F. Watter geluide maak die volgende diere.**



1. skaap -
2. by -

2)

**G. Skryf die sin in die regte volgorde.**

1. by ons skool Die leerders werk op rekenaars

(1)


**H. Teken die tabel op jou bladsy en voltooi die volgende. Gee die meervoud en die verkleinwoord.**

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleinwoord** |
|---|---|---|
| **poot** | | |
| **bord** | | |
| **tafel** | | |
| **man** | | |

(8)

Totaal: 26 punte

**Afdeling C :**



Beantwoord die volgende vrae oor die kennisgewing.

1. In watter stad is die dieretuin? (1)
2. Kan jy op 'n Sondag na die dieretuin gaan? (1)
3. Hoeveel betaal die kinders om in te gaan? (1)
4. Kies die regte antwooorde van die volgende.
    - voëls en katte
    - visse en haaie
    - slange en skerpioene

    a) In 'n reptielpark kry jy diere soos ................. (1)

    b) In 'n akwarium kry jy diere soos .................. (1)
5. Watter woord beteken dieselfde as "verniet" (1)
6. Sal 'n skoolgroep die dieretuin op 'n Vrydag kan besoek? (1)
7. Waar of onwaar?
    - 'n Kat is 'n wildedier. (1)

TOTAAL: 8 PUNTE

